Bybelse Dissipelskap

# Ewige Sekuriteit



Johannes 10:28+29

28 En Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie, en niemand sal hulle uit my hand ruk nie.

29 My Vader wat hulle aan My gegee het, is groter as almal; en niemand kan hulle uit die hand van my Vader ruk nie.

PAARL VALLEY
baptiste kerk
baptist church

**Vers om te memoriseer...**

Romeine 8:38-39

38 Want ek is versekerd dat geen dood of lewe of engele of owerhede of magte of teenwoordige of toekomende dinge

39 of hoogte of diepte of enige ander skepsel ons sal kan skei van die liefde van God wat



## Nou dat ek gered is, kan ek my redding verloor?

Johannes 6:37

Al wat die Vader My gee, sal na My toe kom; en Ek sal hom wat na My toe kom, nooit uitwerp nie.

God sal jou nooit onder enige omstandighede van Sy familie afsny nie.

Johannes 10:27-29

27 My skape luister na my stem, en Ek ken hulle, en hulle volg My.

28 En Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie, en niemand sal hulle uit my hand ruk nie.

29 My Vader wat hulle aan My gegee het, is groter as almal; en niemand kan hulle uit die hand van my Vader ruk nie.

Niemand kan iets aan jou doen wat sal veroorsaak dat jy jou redding verloor nie omdat God, jou Vader, groter as almal is.



## Kan ek iets doen om my redding te verloor?

**Efesiërs 2:8+9**

8 Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die
gawe van God; 9 nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie.

**Galásiërs 3:10**

Want almal wat uit die werke van die wet is, is onder die vloek; want daar is geskrywe: Vervloek is elkeen wat nie bly in alles wat geskryf is in die boek van die wet om dit te doen nie.

**Jakobus 2:10**

Want wie die hele wet onderhou, maar in een opsig struikel, het aan almal skuldig geword.

**Galásiërs 2:21**

Ek verwerp nie die genade van God nie; want as daar geregtigheid deur die wet is, dan het Christus tevergeefs gesterwe.

Redding vind plaas vanuit God se genade, deur geloof, en nie as gevolg van enige werke nie. God sê redding is 'n geskenk. Niemand kan hul redding verloor nie, want niemand het vir hul redding betaal of dit verdien nie. As dit 'n vereiste was dat ons vir ons redding moes betaal(of verdien), sou ons almal dit maklik verloor, en Jesus se dood sou dan ook nutteloos gewees het.



### OK, as God my nie sal verwerp nie, as geen mens my redding kan wegneem nie, as ek self niks kan doen om my redding te verloor nie, is daar dan enige iets anders wat my redding van my kan wegneem?

NEE! **Romeine 8:38-39** se, "Want ek is versekerd dat geen..."

- ➡ "Dood" - *As jy sterwe kan jy nie jou redding verloor nie !*
- ➡ "Lewe" - *Jy kan nie jou redding verloor terwyl jy lewe !*
- ➡ "Engele" - *Engele kan nie jou redding van jou wegneem nie !*
- ➡ "Owerhede" - *Die regering kan nie jou redding van jou wegneem nie !*
- ➡ "Magte" - *Satan kan nie jou redding van jou wegneem nie !*
- ➡ "Teenwoordige dinge" - *Niks wat nou gebeur kan jou redding van jou wegneem nie !*
- ➡ "Toekomende dinge" - *Niks in die toekoms kan jou redding van jou wegneem nie !*
- ➡ "Hoogte" - *Niks bo jou kan jou redding van jou wegneem nie !*
- ➡ "Diepte" - *Niks onder jou kan jou redding van jou wegneem nie !*
- ➡ "Enige ander skepsel" - *ek is seker jy kry die idee !*

"... ons sal kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus, onse Here, is nie."



### Hoe is dit moontlik dat ek nooit my redding kan verloor nie?

**Johannes 1:12-13**

12 Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo;

13 wat nie uit die bloed of uit die wil van die vlees of uit die wil van 'n man nie, maar uit God gebore is.

Omdat jou verhouding met God 'n pa/seun verhouding is deur geestelikke wedergeboorte.

**1 Johannes 5:11-13**

11 En dit is die getuienis: dat God ons die ewige lewe gegee het, en dié lewe is in sy
Seun.12 Hy wat die Seun het, het die lewe; wie die Seun van God nie het nie, het
nie die lewe nie.13 Dit het ek geskrywe aan julle wat glo in die Naam van die
Seun van God, sodat julle kan weet dat julle die ewige lewe het en kan glo in die
Naam van die Seun van God.

**Openbaring 20:15**

En as dit bevind is dat iemand nie opgeskryf was in die boek van die lewe nie, is hy in die poel van vuur gewerp.

**Efesiërs 1:13**

in wie julle ook, nadat julle die woord van die waarheid, die evangelie van julle redding, gehoor het, in wie julle, nadat julle ook geglo het, verseël is met die Heilige Gees van die belofte,

**Efesiërs 4:30**

En bedroef nie die Heilige Gees van God nie, deur wie julle verseël is tot die dag van verlossing.

Met jou fisiese geboorte het die regering 'n rekord gemaak daarvan en vir jou 'n geboortesertifikaat gegee. Wanneer jy geestelik wedergebore word maak God ook 'n "geboortesertifikaat" vir jou wat geseël word deur die Heilige Gees!



**Hoe kan ek verseker weet dat ek regtig gered is?**

Die Evangelie van Johannes en die brief van 1 Johannes is geskrywe om jou te help hiermee...

**1 Johannes 5:13**

13 Dit het ek geskrywe aan julle wat glo in die Naam van die Seun van God, sodat julle kan weet dat julle die ewige lewe het en kan glo in die Naam van die Seun van God.



**Wat as ek nie gered voel nie?**

**1 Johannes 3:20**

"want as ons hart ons veroordeel, God is meer as ons hart, en Hy weet alles."

Jou redding is nie gebaseer op jou gevoelens en emosies nie. Dit is gebaseer op die objektiewe waarheid van God se Woord. God weet jy is gered al voel jy nie so nie!

# NOTAS

# Les #2

(Motiveer jou antwoorde so vêr moontlik met 'n proefteks)

Wat is die belofte waarop ons kan staatmaak in Johannes 6:37?

Volgens Johannes 10:27-29, hoekom kan niemand jou redding van jou wegneem nie?

"Ons kan niks doen om ons redding te verloor nie."
Wat sê die volgende verse omtrent hierdie stelling?

Efesiërs 2:8+9

2 Timótheüs 1:12

Galásiërs 2:21

Wat sê Romeine 8:38-39 is daar wat ons kan skei van God se liefde?

Wat leer die volgende verse vir ons omtrent die belofte van ewige lewe?
1 Johannes 3:20

Titus 1:2

1 Johannes 2:25